Ontmoeting 4: JESUS WAS 12 JAAR OUD

Luk 2:41 – 51

Jesus bly agter in Jerusalem.

Hulpmiddels		
Sandbak	Houtblokkies	
Klein karakters soos papierpoppies, houtfiguurtjies e.a. om Josef, Maria en die seuntjie Jesus voor te stel.		
A4 papier en sosatiestokkies	Kopieë van doolhof	Papier en kryt

WELKOM

Speletjie:

Steek 'n klomp klein items op moeilike plekke weg en laat die kinders daarna soek sonder enige leidrade. Hulle moet aanhou soek totdat al die goed gevind is. Die idee is dat hulle amper moedeloos raak.

Liedere: Jesus leer in die tempel – Jan de Wet en die — Lofkleuters: Lofliedjies 2, snit 32
Weet jy nie, weet jy nie jy's 'n tempel?

WYDING

Stilte ritueel

"Maak julle oë toe." (*Bly 'n oomblik stil en lees stadig.) "V*erbeel jou jy gaan saam met 'n baie spesiale grootmens winkel toe… Julle loop by die speelgoedrak verby en jy sien 'n oulike nuwe speeding… Jy gaan sit op die grond en speel daarmee… Na 'n rukkie hoor jy hoe die spesiale persoon bekommerd na jou roep en jy hardloop na haar toe… Sy raas met jou omdat jy nie by haar gebly het nie ... Daarna sê sy sy's nog steeds lief vir jou en sy gee vir jou 'n stywe drukkie … Voel hoe jy nou weer veilig voel in haar arms."

Kom ons sing nou "Vader, ons eer U" (Lied 454 in Die Liedboek)

Temalied

Gebedsgeleentheid

WOORD

Berei die sandbak voor:

Gebruik houtblokkies om die tempel en 'n paar ander geboue in Jerusalem voor te stel. Sit nog 'n houtblokkie ver van die eerstes neer. Ander belangrike karakters: Josef, Maria en die seuntjie Jesus.

Vertel die verhaal terwyl jy die figuurtjies in die sand beweeg:

"Jesus se ouers het elke jaar Jerusalem toe gegaan vir die Paasfees. Na die fees is hulle terug na Nasaret toe, maar Jesus het in die tempel agtergebly. Josef en Maria het dit nie agtergekom nie. Hulle het gedink Hy is by ander familielede wat ook op pad terug was. Eers 'n dag later kom hulle agter Jesus is nie by hulle nie. Maria en Josef moes omdraai en teruggaan na Jerusalem.

Na 'n lang gesoek kry Josef en Maria die volgende dag vir Jesus in die tempel. Hy het tussen die geleerdes gesit, na hulle geluister en hulle uitgevra. Almal was verbaas oor hoeveel Hy geweet het en oor Sy antwoorde. Toe Maria en Josef vir Jesus daar sien, was hulle omgekrap. Maria sê dadelik vir Hom: "Hoekom het jy dit aan ons gedoen? Ons is al dood van bekommernis oor jou. Ons soek oral na jou." Maar Jesus sê: "Hoekom soek julle na my? Julle weet mos ek moet in die huis van my Vader wees." Josef en Maria het nie verstaan wat Jesus vir hulle sê nie.

Hierna is Jesus saam met hulle terug na Nasaret toe en Hy was aan hulle gehoorsaam. "

Die kinders dink na oor die verhaal:

Ek wonder van watter deel van die storie jy die meeste gehou het.

Ek wonder hoe jy sou gevoel het as jy soos Jesus tussen die slim mense gesit het.

Ek wonder wie in die storie jy graag wou wees.

WERSKAF

Kinders kan self in die sandbak weer die hele storie uitspeel.

Gee kryte en papier om te teken.

Maak voor die tyd 'n boekrol *(hulle het in Jesus se tyd op boekrolle geskryf*) om as voorbeeld neer te sit. Plak die kort kante van 'n A4-papier vas aan twee sosatiestokkies en rol dit na die middel toe op. Voorsien papier, gom en sosatiestokkies sodat hulle vir hulself boekrolle kan maak as hulle wil. Hulle kan ook daarin skryf of teken.

Sit 'n paar kopieë neer van die doolhof onderaan die bladsy.

Opruim en seëngroet



Help Maria om na Jesus te soek op die teëls van die tempelvloer. Onthou: Jy moenie tussen die teëls loop nie, maar op die blokkies en diamante wat die vloerteëls vorm.